

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
 3. Beantwoord AL die vrae.
 4. Nommer jou antwoorde presies soos hulle in die vraestel verskyn.
 5. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
 6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
 7. Lees die vrae sorgvuldig. Let op die bewoording van die vrae, d.w.s. verduidelik, noem, kies, bespreek, identifiseer, ens. en beantwoord dan dienooreenkomstig.
 8. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word. Gebruik byvoorbeeld 'woordverwerker' in plaas van 'Microsoft Word' of 'WordPerfect'.
 9. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Kies die korrekte TERM in Kolom B wat die **BESTE** by die stelling in Kolom A pas. Skryf **SLEGS** die woord van jou keuse langs elke vraagnommer neer.

Kolom A	Kolom B
1.1.1 Die infrastruktuur wat gewoonlik deur die staat opgestel word vir die versending van data deur die hele land	A Skakelerosie
1.1.2 Aflaai van 'n lêer van die Internet van meer as een bediener af op 'n slag	B Hiperskakel
1.1.3 'n Sagtewareprogram wat op die web swerf en webwerwe vir soekenjins opspoor en indekseer	C Ruggraat
1.1.4 Verhoging van die spoed van die SVE deur die SVE-kernspanning wat voorsien word te verhoog	D Snuffelsagteware
1.1.5 Wanneer die kortpad na 'n ander webwerf of bladsy permanent onbeskikbaar is	E Storting (<i>Torrenting</i>)
1.1.6 Die spoedeenheid van 'n tipiese SVE	F MG
	G Stroming
	H Spooksagteware
	I Oorklok
	J Pyplynwerking
	K GHz

(6)

- 1.2 Die volgende lys drieletterakronieme word vir jou gegee. Kies die **TOEPASLIKSTE** akroniem vir elke vraag wat volg. Maak seker dat jy elkeen van jou antwoorde korrek nommer. Jy moet SLEGS die gekose akroniem langs die vraagnommer neerskryf.

DTP	OKH	VKV	KSB	LSG	LAG
RSI	PDF	DOC	RTK	BSL	OTV

- 1.2.1 'n Vroeëre tipe monitor wat ooreenkomste toon met 'n ou televisiestel. (1)
- 1.2.2 Dit verskaf 'n veilige verbinding tussen Internetblaaiers en webwerwe. (1)
- 1.2.3 'n Lêerformaat wat die deel van lêers moontlik maak met ander wat nie dieselfde sagteware het nie of wat op verskillende hardewareplatforms, byvoorbeeld Windows, Linux, Apple Mac, werk. (1)
- 1.2.4 Hierdie sagteware kan skriftelike teks vir redigeerdoeleindes skandeer en herken. (1)
- 1.2.5 'n Besering wat veroorsaak word deur voortdurend dieselfde fisieke handeling oor en oor te doen. (1)

[11]

VRAAG 2

Kies die **MEES** toepaslikste antwoord op elke vraag. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse langs elke vraagnommer neer.

2.1 Watter een van die volgende is 'n hulpmiddel wat meer geskik is vir fisiek gestremde rekenaargebruikers?

- A Ergonomiese sleutelbord
- B Muis
- C Stemgeaktiveerde mikrofoon
- D Drukker

2.2 *Wolkberging* verwys na ...

- A gedeelde databerging op 'n sentrale bediener wat gewoonlik bestuur word deur 'n gasheermaatskappy.
- B die DVD-aandrywer in 'n skootrekenaar.
- C sagteware wat gebruikers toelaat om hul data oor 'n netwerk te kopieer en te stuur.
- D 'n stel geskakelde hardeskyfaandrywers in 'n rekenaar.

2.3 'n Tipiese *Blu-ray*-aandrywer gebruik ... om data te lees.

- A magnetiese velde
- B elektriese velde
- C klankgolwe
- D laserlig

2.4 Wat sal die waarskynlikste oorsaak daarvan wees dat jou rekenaar aanskakel maar nie reg werk nie?

- A 'n Foutiewe kragbron
- B 'n Onversoenbare muis en sleutelbordaandrywer
- C Los kabelverbindinge op die moederbord
- D EMI van 'n kernontploffing

2.5 Die term *avatar* verwys na 'n gebruiker se ...

- A verteenwoordiging in 'n virtuele wêreld.
- B vals naam op 'n sosiaalnetwerk-werf.
- C intekennaam en wagwoordbesonderhede.
- D rugsteunkopieë van belangrike dokumente.

2.6 Watter een van die volgende sal as *kubermisdaad* geklassifiseer word?

- A Steel jou USB-geheuestafie.
- B Gebruik iemand anders se intekenbesonderhede om nuusberigte te lees.
- C Maak kopieë van kommersiële sagteware waarvoor jy geen lisensie het nie.
- D Breek in 'n bank se netwerk in en verhoog jou banksaldo.

- 2.7 Watter een van die volgende funksies van 'n spreitabelprogram sal die geskikste wees om die volgende probleem op te los?

Probleem: Jy het drie kolomme: die eerste kolom bevat die naam van 'n kledingstuk, die tweede kolom beskryf of die kledingstuk vir 'n man of vrou is en die derde kolom dui aan hoeveel beskikbaar is. Jy moet bereken hoeveel kledingstukke jy vir mans het.

- A =SUMIF()
- B =COUNTIF()
- C =VLOOKUP()
- D =SUM()


[14]

25 punte

AFDELING B**VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË**

3.1 Bestudeer die volgende foto's van verskillende toestelle wat verbind kan word of wat deel vorm van 'n tipiese rekenaar. (**Figuur 1 – 5**)

3.1.1

**Figuur 1**

3.1.2

**Figuur 2**


3.1.3

**Figuur 3**

3.1.4

**Figuur 4**

3.1.5

**Figuur 5**

Teken die volgende tabel in jou Antwoordboek. Identifiseer dan die toestel deur die naam van elkeen van die toestelle in die tweede kolom te skryf en die HOOF funksie daarvan in die derde kolom. Let wel: Wanneer jy die funksie invul, dink aan wat die betrokke toestel uniek maak.

Vraagnommer	Naam van toestel	Hooffunksie
3.1.1		
3.1.2		
3.1.3		
3.1.4		
3.1.5		

3.2 Daar is 'n aantal maniere om jou rekenaar te beskerm teen ongemagtigde eksterne bronne wat toegang daartoe probeer verkry.

3.2.1 Gee **EEN** *hardeware*metode. (1)

3.2.2 Gee **EEN** *sagteware*metode. (1)

3.3 Sipho se selfoonkontrak gaan verval en die volgende twee **SLIMFONE** is vir hom aangebied indien hy na 'n nuwe kontrak opgradeer:

Opsie A – Samsung Galaxy Note Edge	
Opsie B – Samsung Galaxy S5 Mini Smartphone Gold	

[Bron: <www.vodacom.co.za>]

3.3.1 Gee **TWEE** eienskappe wat 'n slimfoon en 'n gewone selfoon duidelik van mekaar onderskei. (2)

3.3.2 Sipho oorweeg dit om 'n skootrekenaar in plaas van 'n slimfoon te koop.

Gee **TWEE** redes waarom Sipho eerder 'n slimfoon in plaas van 'n skootrekenaar moet koop. (2)

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

[Bron: <<http://cdn.bgr.com>>]

Pics4U verkoop selfiestokke aanlyn, sodat mense beter selfies (foto's van hulself) kan neem. Om hul onderneming op datum te hou, gebruik die werknemers 'n reeks kommunikasiemiddele.

- 4.1 Jy ontvang die volgende take wat uitgevoer moet word. Noem in elke geval die beste kommunikasiemetode vir die verlangde taak.
 - 4.1.1 Basiese en administratiewe korrespondensie met aanlyn kliënte. (1)
 - 4.1.2 Stuur van 'n dringende boodskap aan 'n verskaffer. (1)
 - 4.1.3 Om klante te vertel van die nuwe selfiestok wat volgende maand beskikbaar sal wees. (1)
 - 4.1.4 Om 'n ondersteunersbladsy op te stel. (1)
- 4.2 Die ontwerper/vervaardiger van die selfiestok is in China gebaseer en wil idees vir nuwe produkte met jou bespreek. Om dit te fasiliteer stel jy voor dat 'n video-konferensie opgestel word. Gee **TWEE** voordele van die gebruik van 'n video-konferensie vir jou bespreking met die selfiestokontwerper/-vervaardiger. (2)
- 4.3 Jy besluit om 'n webwerf vir Pics4U op te stel. Die meeste klante sal óf via 'n Wi-Fi-verbinding óf via 'n direkte verbinding met 'n roeteerder toegang tot die webwerf verkry. Verduidelik die **TWEE** tipes verbindings onder die volgende opskrifte:
 - 4.3.1 Kommunikasiemedium (2)
 - 4.3.2 Mobiliteit van die verbinding (2)
- 4.4 Pics4U is 'n klein, nuwe maatskappy wat nie die finansies het om 'n volledige LAN vir sy werknemers op te stel en te bestuur nie. Jy stel voor dat hulle 'n VPN opstel.
 - 4.4.1 Wat is 'n VPN? (Jy sal geen punte verdien deur bloot die akroniem uit te skryf nie.) (2)
 - 4.4.2 Gee **TWEE** voorbeelde van waar 'n VPN nuttig sal wees vir die werknemers van Pics4U. (2)
 - 4.4.3 Het jy enige spesiale hardeware buiten die netwerkverbinding vir die VPN nodig? (**Ja/Nee**) (1)

- 4.5 Wanneer 'n netwerkverbinding opgestel word, moet 'n tegnikus die verskillende protokolle wat vir data-oordrag beskikbaar is, ken.
- 4.5.1 Wat is 'n protokol? (2)
- 4.5.2 Soms kan jy 'n *https*-protokol in 'n BA sien. Wat sê die 's' van die webwerf? (1)
- 4.5.3 Gee **TWEE** voorbeelde van 'n protokol. (Jy mag **NIE** die protokol gebruik wat in **Vraag 4.5.2** genoem is nie.) (2)
- [20]**

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

Eskom is 'n openbare nutsmaatskappy in Suid-Afrika. Dit wek ongeveer 95% van die elektrisiteit op wat deur die land verbruik word. Dit het egter nie voldoende opwekkingskapasiteit om die 42 000 MW wat nodig is, te voorsien nie. Daarom word beurtkrag in vier fases toegepas. Fase 1 laat Eskom toe om 1 000 MW uit die netwerk te sny, Fase 2 laat toe dat 2 000 MW gesny word, Fase 3 laat toe dat tot 3 000 MW gesny word en Fase 4 laat toe dat 4 000 MW gesny word.

Eskom voorsien elektrisiteit óf direk aan verbruikers óf aan munisipaliteite wat dit weer aan hul inwoners verkoop.

Om te verseker dat beurtkrag billik deur alle Suid-Afrikaners gedeel word, moet Eskom die stand van elektrisiteitsopwekking voortdurend monitor. Dit word gedoen deur rekenaars by alle kragstasies en by die beheersentrum te gebruik.

- 5.1 Gee **TWEE** data-items wat elke kragstasie as toevoer tot die beurtkragprogram by Eskom se kontaksentrum moet verskaf. (2)
- 5.2 Watter **EEN** brokkie data sal Eskom van die munisipaliteite en sy direkte kliënte benodig? (1)
- 5.3 Hoe sal Eskom hierdie data verwerk? (2)
- 5.4 Watter inligting sal deur die beurtkragprogram afgevoer word? (1)
- 5.5 Gee die term vir die stapsgewyse stel instruksies wat gebruik sal word om die program te skep wat deur Eskom se rekenaars gevolg word. (1)
- 5.6 5.6.1 Stel **EEN** kommersieel beskikbare programtipe voor wat deur Eskom gebruik kan word om die afvoer in **Vraag 5.4** te verkry. (Moenie 'n handelsnaam gee nie.) (1)
- 5.6.2 Regverdig jou antwoord in **Vraag 5.6.1** met **EEN** ondersteunende argument. (1)
- [9]**

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

- 6.1 Die nuwe *Star Trek*-videospeletjie is pas vrygestel en baie ouers weier om hul kinders die speletjie te laat speel. Hulle sê dit lei tot fisiek lui leerders wat verslaaf is aan speletjies. Weerspreek hierdie argument deur **TWEE** redes te gee waarom die speel van speletjies tot voordeel van leerders kan wees. (2)
- 6.2 Jy hou van die nuwe *Star Trek*-speletjie en installeer dus jou vriend se kopie ook op jou rekenaar. Gee **TWEE** redes waarom wat jy gedoen het onwettig is. (2)
- 6.3 Mbulelo woon in Johannesburg en bestee baie tyd aan elektroniese kommunikasie met sy vriende. Hy is deel van die 'Inligtingsera'. Jaco woon op 'n landelike plaas net buite Pofadder en wanneer hy sy vriende in die hande wil kry, ry hy gewoonlik met sy fiets na hul huise of stuur 'n boodskap saam met iemand. In sy gemeenskap ontbreek baie van die basiese elektroniese stelsels waartoe Mbulelo toegang het.
- 6.3.1 Wat is die term wat gebruik word om die verskil in Mbulelo en Jaco se toegang tot elektroniese kommunikasie te beskryf? (1)
- 6.3.2 Bespreek **TWEE** maniere waarop jy, as 'n besorgde Suid-Afrikaanse burger, vir Jaco kan help om hierdie verskil in toegang tot elektroniese kommunikasie te oorbrug. (2)
- 6.3.3 Gee **DRIE** maniere waarop jy kan help om omgewingsvriendelik te wees deur jou rekenaar te gebruik. (3)
- [10]**

VRAAG 7 OPLOSSINGSONTWIKKELING

Jou eksamen is amper verby, dus begin jy jou vakansie aan die einde van die jaar beplan.

Jy het 'n spreitabel-werkblad soos volg opgestel:

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
1	Vakansies Vir Jou								
2	Beskrywing	Koste per item	Getal benodig	Subtotaal	Afslagpakket	Afslag%	Totale koste	Totale koste + BTW	BTW-koers
3	Vlug	R 5 500.00	2	R 11 000.00	1	10	R 9 900.00	R 11 286.00	14
4	Hoteldae	R 1 785.00	6	R 10 710.00	2	15	R 9 103.50	R 10 377.99	
5	Vervoer	R 2 500.00	2	R 5 000.00	1	10	R 4 500.00	R 5 130.00	
6	Vermaak	R 3 000.00	1	R 3 000.00	1	10	R 2 700.00	R 3 078.00	
7	Kos	R 3 895.00	1	R 3 895.00	2	15	R 3 310.75	R 3 774.26	
8	Allerlei	R 1 500.00	1	R 1 500.00	0	0	R 1 500.00	R 1 710.00	
9						Totaal om te spaar		R 35 356.25	

- 7.1 Watter funksie van die spreitabel is gebruik om die opskrif 'Vakansies Vir Jou' oor die selle A1 : H1 te versprei? (1)
- 7.2 Jy wil graag die afslagpakket tot slegs een van vier opsies, naamlik 0, 1, 2 of 3, beperk. Watter **TWEE** vormbeheermaatreëls kan gebruik word om dit te doen? (2)
- 7.3 7.3.1 Baie van die kolomme is taamlik breed. Dit is omdat die opskrif so lank is. Gee **TWEE** metodes wat jy kan gebruik om die kolombreedte smaller te maak sonder om enige deel van die opskrif te verloor. (2)
- 7.3.2 Die data vir die werklike persentasie wat vir elke afslagpakket verkry word, word op 'n ander werkblad gestoor. Watter geskikte funksie kan gebruik word om die inligting op hierdie werkblad te kry sonder om bloot te kopieer en te plak? (1)
- 7.3.3 Die 'Totale koste + BTW' is bereken deur 'n BTW-koers van 14% te gebruik. Hierdie BTW-waarde is in sel I3 gestoor. Skryf die volledige formule neer wat gebruik sal word om die 'Totale koste + BTW' vir die eerste item in sel H3 te bereken. Hierdie formule sal outomaties gevul word vir die res van kolom H. (3)
- 7.4 Wat word die tegniek genoem om 'n seladres in 'n formule of funksie te 'vries'? (1)

[10]

75 punte

AFDELING C**SCENARIO**

Sello Imfundo is pas aangestel as assistent vir die Minister van Basiese Onderwys in Suid-Afrika en het die opdrag ontvang om tablette en hul gebruik in alle hoërskole in die land bekend te stel. Hy weet dat jy pas jou skoolopleiding voltooi het en Rekenaartoeëpassingstegnologie as 'n Senior Sertifikaat-vak gehad het. Hy vra jou om hom te adviseer oor hierdie groot onderneming.



Al die nodige hardeware en sagteware, beide noodsaaklik en begeerlik, sal verkry moet word. Die Minister wil ook hê dat elke skool Internettoegang het.

[Bron: <<http://news.bbcimg.co.uk/media/images/>>]

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

- 8.1 Sello teken in by <www.pricecheck.co.za> en ontvang die volgende spesifikasies en koste vir drie verskillende tablette:

Samsung Galaxy Tab 4 7" 8 GG Tablet met Wi-Fi en 3G Wit

R2 199,00



Vertoongrootte	7"
Resolusie	800 × 1 280
Geïnstalleerde geheue	32 GG
Vervaardiger	Samsung
Modelnommer	T231
Bedryfstelsel	Android
Verwerker	1.2 GHz Vierkern
LSG	1.5 GG
Kameraresolusie (Agter)	3.15 Megapixels
Kameraresolusie (Voor)	1.3 Megapixels
Kommunikasie	802.11 a/b/g/n
HD	Vol
Bluetooth	4.0

Apple iPad Air 32 GG 9.7" Tablet met Wi-Fi en 4G**R7 699,00**

Bluetooth	Ja
Vertoongrootte	9.7"
Resolusie	2048 × 1536
Generasie	Geen
Geïnstalleerde geheue	32 GG
Vervaardiger	Apple
Modelnommer	IPADAIR32 GB
Bedryfstelsel	iOS
Verwerkertipe	Apple A7 Dubbelkern 1.4 GHz
Samsung AlwaysOn	Nee
LSG	1 GG
Draadlose LAN	Ja
SIM-kaartgleuf	Ja

Lenovo IdeaTab S6000 16 GG 10.1" Tablet met Wi-Fi**R3 041,00**

Verwerker	MT8125 1.2 GHz Vierkern (Wi-Fi)
Bedryfstelsel	Android 4.2 Jelly Bean
Vertoon	10.1" HD IPS (350 NITS)
Resolusie	1280 × 800
Grafika	MT8389 Geïntegreer
Kamera	5 MP
LSG	1 GG LP DDR2
Sleutelborddok (opsioneel)	Bluetooth-sleutelbord met magnetiese aanhegsel
Oudio	Dubbelluidsprekers
Kommunikasie	WLAN 802.11b/g/n, Bluetooth 4.0
SIM-kaartgleuf	16 GG eMMC, tot 64 GG
microSD-kaartondersteuning	Ja

Die minister moet die spesifikasies van die verskillende tablette verstaan en vra jou die volgende vrae.

- 8.1.1 Wat beteken *vierkernverwerker*? (2)
- 8.1.2 Waarvoor word *Bluetooth*[®] gebruik? (2)
- 8.1.3 Waarom het party van die tablette 'n kamera voor en agter? (2)
- 8.1.4 Wat beteken dit dat die tablette ontsper is vir beide *Wi-Fi* en *SIM-kaart*? (2)
- 8.1.5 Die *Lenovo IdeaTab S6000* het 'n resolusie van 1280×800 . Wat beteken dit? (2)
- 8.1.6 (a) Gee **DRIE** funksies van 'n bedryfstelsel. (3)
- (b) Word die bedryfstelsel as stelselsagteware of toepassingsagteware gedefinieer? (1)
- 8.1.7 Die *Samsung Galaxy Tab 4* en die *Lenovo IdeaTab S6000* gebruik albei Android, 'n *oopbron*bedryfstelsel. Wat is *oopbronsagteware*? (2)
- 8.2 'n Paar gesiggestremde leerders sukkel om werk op die tablette te sien vanweë die grootte van die skerm. Beveel **TWEE** maniere aan waarop hierdie uitdaging oorkom kan word. (2)
- 8.3 Wanneer hulle in 'n klaskamer gebruik word, het tablette beide voordele en nadele.
- 8.3.1 Gee **EEN** taak wat die **BESTE** geskik sal wees vir tabletgebruik. (1)
- 8.3.2 Gee **TWEE** take wat **NIE** geskik sal wees vir tabletgebruik nie. (2)
- 8.4 Baie skole vandag het tablette in hul klasse bekendgestel. Gee **TWEE** maniere waarop hierdie toestelle die opvoedkundige ontwikkeling van die leerder verbeter het. (2)
- 8.5 Sello het al die relevante data oor die tablette, die skole, die skole se hardeware-, sagteware- en netwerkinfrastruktuurvereistes, die inskrywingsgetalle by al die skole en die getal leerders sonder tablette by elke skool ingesamel. Daar is 'n massiewe hoeveelheid data om mee te werk. Hy besluit om jou te vra om hierdie data in 'n databasisprogram in te voer.
- 8.5.1 Gee **DRIE** redes waarom die gebruik van 'n databasis om die data vas te lê die toepaslikste is. (3)

- 8.5.2 Sello is oorweldig deur al hierdie data wat in baie gevalle herhaalde data uit verskillende bronne is. Jy beveel aan dat hy die data in verskillende tabelle verdeel soos hieronder getoon.

tblSkoolBesonderhede		tblSkoolVereistes	
Veldnaam	Datatype	Veldnaam	Datatype
SkoolId	Outomatiese nommer	SkoolTipeKode	Teks
SkoolNaam	Teks	ElektrisiteitVereistes (kW)PerDag	Getal
Adres	Teks	BedryfsBegroting	Geldeenheid
Voorstad	Teks	GetalLeerdere	Getal
Stad	Teks	GetalTablette	Getal
Hoof	Teks	InternetToegang	Ja/Nee
Stedelik/Landelik	Teks		
ITBestuurder	Teks		
SkoolTipeKode	Teks		

Om navrae op die data uit te voer, moet die tabelle met mekaar geskakel wees.

- (a) Wat moet geskep word om hierdie skakeling van die tabelle te bewerkstellig? (1)
- (b) Die volgende navrae moet gedoen word. Skryf langs die korrekte vraagnommer die veld(e) en stelling(s) neer wat jy sal gebruik om die volgende navrae te beantwoord. Om byvoorbeeld alle skole te lys wat geen Internettoegang het nie, sal die kriterium in die [InternetToegang]-veld onwaar (*false*) wees.
- (i) Lys alle skole in Randburg wat leerdergetalle groter as 500 het. (3)
- (ii) Voeg 'n berekende veld by wat die bedryfsbegroting vir alle landelike skole met R500 000,00 verhoog. (4)

- 8.6 Sello het die navrae geskep en getoets en sy datavaslegger moet nou die data invoer. Tali, die datavaslegger, is 'n nuwe werker en is dus nie vertrouwd met die databasispakket nie.

- 8.6.1 Gee **TWEE** eienskappe van die databasisprogram wat gebruik kan word om Tali die data te help vaslê. (2)
- 8.6.2 Party van die inligting wat uit die navrae verkry is, sal beter vertoon word in 'n grafiese vorm. Wat is die term wat die stuur van die inligting van die databasis na 'n ander program beskryf? (1)
- 8.6.3 Watter toepassingsprogram sal geskik wees om hierdie grafieke te stip? (1)
- 8.6.4 Indien die data wat gestip moet word die skole se daaglikse elektrisiteitsverbruik oor 'n maand is, watter **TWEE** grafiektipes sal hiervoor geskik wees? (2)

- 8.7 Sommige ouers is bekommerd dat as leerders tablette op skool gebruik, hulle toegang sal kan verkry tot onvanpaste webwerwe wat nie opvoedkundig is nie. Gee **DRIE** maniere waarop opvoeders kan seker maak dat hul leerders veilig is terwyl hulle op die web 'swerf'. (3)
- 8.8 'n Ander bekommernis van ouers en opvoeders is die kwessie van *kuberafknouery*. Verduidelik hoe kuberafknouery op die tablet verminder of voorkom kan word. (2)
- 8.9 8.9.1 Jy moet al die data in 'n voorstel saamvoeg wat aan die Minister voorgelê sal word. Beveel **EEN** toepassingspakket aan wat geskik sal wees om jou bevindings op 'n duidelike en maklike manier te skep, te manipuleer en uit te lê. (1)
- 8.9.2 Regverdig jou keuse van 'n toepassing in **Vraag 8.9.1** deur **TWEE** ondersteunende argumente te gee. (2)
- 8.10 Jou skool beveel spesifiek een van die tablette aan wat vir die Minister voorgestel word. Gee **TWEE** redes om jou keuse te regverdig. (2)

50 punte

Totaal: 150 punte